Uitgawe / Issue 72

# Protea Nuus / News

April / Mei 2025



Foto: Elza Kretchmar

# Sosiale komitee

2025 het op ‘n hoë noot afgeskop. Die kenmekaar braai op 15 Februarie was die eerste funksie van die jaar en Keith en Minette het as waardige gasheer en gasvrou opgetree. Baie mense het heerlik om die braaivleisvure gekuier. Duisende dankies vir die pragtige terugvoer.

Op 14 Maart is 200 gaste weggevoer op die musiek van Cliff Richard en die Shadows, aangebied deur die Shadows Experience Band. Daar is gesing, gedans en geniet. Wat ’n belewenis!! Definitief een vir die boeke.

Drie maande van die jaar lê reeds agter ons en nog nege maande lê voor. Mag die maande wat voor ons lê net sulke goeie herinneringe inhou soos die wat verby is.

Die sosiale komitee sê weereens baie dankie. Protea, julle maak dit lekker.

Annamarie Kirstein

# Uit die kantoor

MARCH 2025: TRUSTEE FEEDBACK

Dear residents

Following the trustee meeting of 19 March 2025, the trustees provide brief feedback on matters of interest:

**Security**:

The completion of the Access Gates project is currently in its final stages.

The process to assist all residents in downloading the MyComb app and registering on the “App” is being finalized, after which it will be communicated to all involved.

We intend to have an information session with ComSafe in the community hall where the entire process regarding the MyComb application will be explained in detail on a screen - which will clarify many questions.

At the same time, we would like to share the modus operandi of the access process, and the various options, with the residents. ComSafe just needs to confirm the date.

**Building Project**:

The date for a Special General Meeting where approval for funding for the submission of plans to the City Council will be communicated to you shortly.

**Gardens**:

Some of the wooden structures against the Rossouw Street fence were infested with termites and have since been removed.

**Buildings and grounds**:

Swimming pool railings have been installed.

The size of the house numbers that will be painted on the walls of houses has been agreed upon for clarity.  Hannes has already painted the numbers at Phase 1.

**Health services**:

Some residents are opposed to assessments, because they are under the impression that they will have to move if it is negative. This is not the case at all. It is for the trustees and Trucare to assess the health status of residents so that support can be provided where necessary.

Residents fall frequently and the trustees request them to please be careful.

26 March 2025

# Our Entertainment Centre

Protea Wilgers has had a well-equipped kitchen attached to the Hall for many years. In the past two years, facilities in the Hall itself have been significantly upgraded. Additions included a  powerful air conditioning unit, a 4G overhead   projector, and a roll-up screen. The old hi-fi system was replaced with a state-of-the-art audio system. The latest improvement has been the installation of light-proof curtains on the Western-side doors. These effectively block out the afternoon sun, which otherwise bleaches colours on the projection screen.

The Trustees, the Social Committee, the Facilities Manager and hard-working residents have made these improvements possible.

We now have an Entertainment Centre to be proud of. It is already being used for audiovisual shows and the monthly church service. The next improvement will be cushions for the chairs. Wouldn’t it be wonderful if every person using the venue donated one cushion so we would all stop getting numb bums?

Jeff Morris H116

# A day to remember:

14 March 2025




On a beautiful Friday afternoon at Protea Retirement Village, music and memories filled the air as Cliff & The Shadows Tribute Band took centre stage with over 200 guests gathered to relive the Golden Hits of the 50' & 60's.The atmosphere was nothing short of magical. Guests couldn't help but clap along and even hit the dance floor, moving to the rhythm of songs that stood the test of time. The decor done by the Social Committee was absolutely beautiful, capturing the essence of the 50's & 60's with vibrant colours, retro touches and a welcoming vibe. Of course, no event would be complete without great food & drink. Guests were treated to a delightful spread of delicious food & wine, enhancing the overall experience and making the afternoon even more memorable. It was an afternoon of laughter music and connection - where the past met the present in the best possible way. A heartfelt thank you to the anonymous and generous sponsor and all who attended to make the event such a success.



*Left to right: Joey Benade, Annamarie Kirstein, Rodney Mc Leod(lead guitarist), Guido Bio(Bass Guitar), Mandy Spaumer, Lars Franzsen(Acoustic Guitar) Rob Domijan(drums) Peter Booysen(Keyboards)*














# Die wonder van tweede kanse

Lydenstyd is 'n baie besonderse seisoen - 'n tyd van stil nadenke, inkeer en vernuwing. Dit roep ons op om meer bewustelik te leef, ons harte te ondersoek en terug te draai na God. En die wonderlikste van alles? Dit maak nie saak waar ons in die lewe is of hoeveel jaar ons al geleef het nie, God bied ons altyd 'n tweede kans.

Elke dag wat ons asemhaal, is 'n nuwe geleentheid - 'n kans om die laste van die verlede agter te laat, vergifnis te soek en te gee en die nuwe lewe wat God deur Jesus Christus bied, te omarm.

- Abraham en Sarah het 'n tweede kans ontvang om op God te vertrou toe Hy aan hulle 'n kind belowe het in hulle (ver) gevorderde jare (Gen. 21).
- Moses het sy reusetaak verrig – om die Israeliete uit Egipte uit te lei – toe hy 80 jaar oud was (Eks. 7:7).
- Petrus is vergewe en het 'n tweede kans ontvang om Jesus te dien nadat hy Hom drie keer verloën het (Joh. 21).

Hierdie verhale herinner ons daaraan dat God 'n nuwe doel, vreugde en geestelike groei in ons lewens kan bring, ongeag ons ouderdom of foute in die verlede.

Soos ons lees in 2 Kor. 5:17 "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."

'n Paar praktiese maniere waarop ons vernuwing kan omhels tydens Lydenstyd

1. Dink aan seëninge wat jy reeds ontvang het

Spandeer elke dag 'n paar stil oomblikke om na te dink oor die maniere waarop God jou deur jou lewe geseën het. Jy wil dalk hierdie seëninge in 'n joernaal neerskryf of dit met 'n vriend/vriendin deel. Dankbaarheid is 'n kragtige manier om jou hart te vernuwe en jou fokus te verskuif van wat agter is na die goeie dinge wat God nou doen.

2. Vergifnis

Lydenstyd is 'n tyd om tot inkeer te kom - 'n tyd om God om vergifnis te vra en ontslae te raak van enige spyt, foute of laste wat jou druk. Onthou dat God se genade eindeloos is, en Hy altyd gereed is om jou met ope arms te verwelkom. Dit is ook 'n goeie tyd om ontslae te raak van enige bitterheid of wrokke wat jy teenoor iemand anders koester. Hulle gaan dit nie eers weet nie en dit gaan geen verskil in hulle lewens maak nie. Maar in jou eie gaan jy 'n reuseverskil agterkom! Dit is soos 'n berg wat van jou skouers af rol.

3. 'n Sagte woord aan andere

Net soos God vir ons tweede kanse gee het andere dit ook nodig. As iemand jou nog altyd verkeerd opgevryf het, kyk hierdie Lydenstyd met sagte oë na hulle en verleen hulle 'n bietjie genade. Kyk ook waar en aan wie jy vriendelikheid of aanmoediging kan betoon. Selfs 'n klein daad van omgee kan 'n groot verskil maak en God se liefde wys.

4. Praat met God

Maak elke dag tyd om met God te praat. Dit sal jou verhouding met Hom versterk en aan jou Sy vrede gee.

5. Omhels vandag met vreugde

Elke dag is 'n geskenk uit God se hand. 'n Geleentheid om te groei en om God se ander kinders lief te hê en te dien. Moenie in die verlede vashaak of bekommer oor die toekoms nie. Vra liewer vir God om jou te help om ten volle teenwoordig in die hede te leef en vreugde te vind in die klein dingetjies rondom jou. Daar is soveel om voor dankbaar te wees!

Slotgedagte: God se tuin van tweede kanse

Stel jou lewe voor as 'n tuin wat liefdevol deur God versorg word. Soms kan onkruid van spyt of teleurstelling daarin groei, en kan ons voel dat ons ons kans om te blom gemis het. Maar God, die Meester Tuinier, gee nooit moed op met ons nie. Hy snoei, gooi nat en versorg ons geduldig sodat ons weer kan floreer.

**NS** Lynnwoodrif gemeente bied hierdie jaar weer die Passiespel aan. Daar is 'n spesiale middagvertoning Sondag 13 April om 15:00. Kom stap in Jesus se spore en beleef net weer baie prakties wat Hy vir ons gedoen het.

Seënwense

Dr. Daléne Flynn



# Skoenlappers in ons tuine—by Protea Aftree oord

deur Willie Janse van Rensburg



Hierdie skoenlapper kom in die hele land voor behalwe in die Wes Kaap en Karoo. Dit is die Junonia oenome oenome (Blue pansy: Black pansy/ Blougesiggie). Die spesie kom in ander boeke voor as Precis oenome oenome.

Sy vlerkspan is 40-50 mm.



This butterfly appears throughout the country except in the Western Cape and Karoo. It is the Junonia oenone oenone (Blue pansy: Black pansy/Blougesiggie). The species is listed in other books as Precis oenone oenone and it's wingspan is 40-50 mm.




Vir die mense wat die voëls van die oord so getrou volg, is daar nou 'n pragtige boekie, lekker sakpasgrootte, beskikbaar by Willie Janse van Rensburg (082 576 1711) Baie dankie Willie, ons sien ook uit na die skoenlapperreeks.



## DAG VAN DIE OOMS

*Dana Snyman*

Iewers anderkant Strydenburg, suid van Kimberley, draai ek weg Vosburg toe, grondpad, die vaaltes in. ’n Stil agterpad deur die ooptes gee jou die geleentheid om dinge in jou kop rustig te sit en uitsorteer.

Dit is ’n paar dae ná Pa se begrafnis en ek is van Ventersdorp af op pad terug Jacobsbaai toe. Huis toe. Vaderloos.

’n Ent verder, so 20 km van Vosburg af, is ’n padskraper besig om die pad te skraap, ’n seldsame gesig deesdae in die land. Die jong kêrel in die blou oorpak agter die stuurwiel waai en ek waai terug, en ek onthou ’n era toe byna elke padskraper in die land deur ’n man in ’n wit stofjas bestuur is. ’n Oom.

Hulle het dikwels saam met hul gesinne in ’n administrasie-woonwa in ’n padkamp aan die rand van die dorp gewoon, hierdie padskraper-ooms. Baie van hulle het op vyftig al krom gestap, want die dag ná dag se gesit en stamp in die padskraper het ’n man se rug en niere sleg opgefoeter.

Pa se dood laat my opnuut oor hierdie ooms van die land dink. Pa was so ’n oom. Hy het graag Grasshopper-skoene gedra, in sy broeksak was altyd ’n knipmes, en om sy pols ’n horlosie wat jy moes opwen. By sy hemp se bosak het dikwels ’n Parker-pen uitgeloer, en hy het sy hare in ’n kantpaadjie gekam, selfs toe hy bles begin raak het.

Hy het al die jare as predikant plattelandse siele bearbei, maar van die ander ooms was padskraperdrywers, of hulle het boorgate geboor of met velle gesmous. Daar was ook stasiemeesters en vragmeesters en posmeesters en vee-inspekteurs. Van hulle was ook volksraadslede, sakemanne, prokureurs en stadsklerke.

Party dokters was ook maar ooms – ooms in wit safari -pakke, wat maklik laatnag in ’n Mercedes 280 S die donker in ry om na ’n koorsige kind te gaan omsien.

Hulle was hoe lank die heersers van die land, hierdie ooms. Maar nou is hul tyd aan die verbygaan: die Nasionale Party-bewind het plek gemaak vir ’n nuwe bedeling, tradisionele kerke loop leeg en sluit, stasiegeboue staan kosynloos en dakloos in die weer en wind, dokters word uit Kuba ingevoer.

En ’n burgemeester is deesdae ’n voltydse werk, een waarvoor die ooms nie meer in aanmerking kom nie.

Die ooms word die een ná die ander begrawe, of hulle sit op hul dorpshuise se stoep of op hortjiesbanke in die ouetehuis se tuin, met hul knobbelrige hande op hul kieries.

Op Vosburg hou ek by oom Awie Smit – hoe kan ek by oom Awie verbyry – stil. Die plaaslike motorwerktuigkundige. ’n Motorwerktuigkundige soos oom Awie is ook een van hierdie ooms soos Pa. Ooms aan wie se hande dikwels, soos in oom Awie se geval, ’n vinger of twee makeer. Ooms wat so ’n lang, onheilspellende fluit gee wanneer hulle ’n stukkende enjin sien, en wie se moersleutels teen hul werkwinkels se muur hang, elkeen se gebied met viltpenstrepe afgekamp. Ooms wat ’n hele distrik se rygoed aan die loop hou en gehou het.

Die middag is al aan die silwer raak toe ek die pad van Vosburg af Carnavon toe vat. Ek probeer radio luister, maar ek kan nie ophou om aan Pa en die ander ooms te dink nie. Vroom ooms wat hul gebede in die kerk begin het met: “Dierbare, almagtige Hemelse Vader. Ons staan vandag hier voor U en ons word klein . . .” Ooms wat tot die plaaslike kommando behoort het en ’n 303 of ’n Mauser in die hangkas gehou het. Ooms wat ’n bok geskiet en self afgeslag, opgesny en die biltong aan stringe bloudraad tussen die balke in die motorhuis gehang het om droog te word.

Baie van hierdie ooms was meesters van vaardighede waaraan daar al minder ’n behoefte was: hoe om ’n sweep te vleg, hoe om ’n hondjie se stert af te sny, hoe om ’n kar se vergasser te bloei, hoe om ’n lemoen of ’n appel met ’n knipmes af te skil. Party kon soos ’n tortelduif fluit deur hulle hande bak voor hul mond te hou. Ander het kinders vermaak deur hul valstande uit te haal en gesigte te trek.

Al dieper die binneland in ry ek, en die nag kom nader, en dit voel of al daardie ooms by my in die bakkie is om my deur die donker te help.

“Móét pa’s dan sterf om vir hul seuns te lééf,” onthou ek weer Hennie Aucamp se woord in sy kortverhaal, “Nag van die ooms”.

Hulle was nie almal vlekkeloos nie, hierdie ooms. Baie het gestem vir landswette wat pyn en swaarkry vir ander gebring het. Hulle het kerklike sensuur uitgeroep oor mense wat dalk eerder naasteliefde nodig gehad het. Party het ’n skelm bottel brandewyn in die gereedskapkis aangehou, en ander het hul naaste se vrou en se os en se esel begeer.

Kortom: Hulle was alte menslik, hierdie ooms. Maar hulle was trots en hardwerkend, want hulle het geglo in die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien. En hulle was spaarsamig; en hoe ouer hulle geword het, hoe meer het hulle die stories oor die armoede van hul jongdae vertel, hoe hulle deur die ryp skool toe gestap het en onderbroeke gedra wat hul moeders van meelsakke gemaak het.

Die werke van hierdie ooms se hande is oral in die land te sien: die huise en die skure en krale wat hulle gebou en laat bou het. Die paaie, die brûe, die treinspore, die damme, die leivore. Die kerke en kerksale. Die drade wat gespan is, die drukgange en laaibanke wat opgerig is. Die kweperlanings wat hulle geplant het.

Hulle het saans vroeg gaan slaap en soggens vroeg opgestaan, hierdie ooms. Hulle het hul tiendes vir die kerk gegee en kinders versorg en van lente na somer na winter na herfs geleef en gesterf sonder enige groot openbare erkenning. Hulle het geglo hulle sal hul beloning in die hiernamaals kry.

Dalk is Hennie Aucamp reg: Eers wanneer die lewendes nie meer daar is nie, kan dié wat oorbly hulle na waarde skat.

### *In Memoriam*

Op 12 Maart is Louis Liebenberg van huis 146 oorlede, ons innige medelye gaan aan Pat, sy familie en vriende.

# Foto's van die inwoners…






Beskadigde walker (stootkarretjie)

My "walker" is op 26 Februarie beskadig toe die uitganghek toegemaak het. Die een pyp was heeltemal af en dit het vasgedruk teen die kant. Dieselfde pyp was gebuig tot by die wiel en is weer na die oorspronklike posisie gebuig.

Dit het 'n tweede keer gebeur en het die stootkarretjie anderkant die hek beland. 'n Privaatpersoon het buite gewag met sy motor en gesien wat gebeur het. Ons kantoor het Hannes gevra om te kyk daarna. Hy het dit herstel en versterk en ek wil hom bedank vir die goeie en netjiese werk wat hy gedoen het met die herstel. Hannes het regtig baie moeite gedoen en dit pragtig herstel. Baie dankie Hannes en almal wat gehelp het om dit vir my maklik te maak.
Truia Culbert, Huis 97.






**Keith Bond**
**082 577 7478**

Longstraat 171 Long Street
Waterkloof, Pretoria 0181
012 460 8330
www.uysiedeklerk.co.za
bondk@telkomsa.net

UYSIE DE KLERK

I have been living in our beautiful Protea Village for ten years. During the past eight years I have specalized in marketing, selling and letting units, only in our Village. To date I have sold twenty eight units, and let ten. Due to my first hand knowledge of our Village, I am able to sell the properties with conviction.

**If you would like to buy, sell or rent your property in the Village, please call me.**

Ek is 'n inwoner in ons pragtige Protea-oord al vir tien jaar. Gedurende die afgelope agt jaar spesialiseer ek in die bemarking, verkoop en verhuring van eenhede alleenlik in ons Oord. In die tyd het ek agt en twintig eenhede verkoop, en daarby ook tien verhuur. Weens my eerstehandse kennis van die Oord kan ek die eiendomme met oortuiging verkoop.

**Sou u 'n eiendom wou koop, verkoop of verhuur in die Oord, skakel my gerus.**

Selling homes with heart since 1987

## Noodnommers

**Kantoor: 012 807 1963**

**Paxton: 012 365 3320**

**Sr.Thabiso Hlongwe : 060 767 8718**

**Nagverpleegster: 060 767 8718**

**Critical Care: (Ambulans) 061 875 0307**

**Elna (Bethesda spyseniers) 072 844 3917**

**Meegan (Salon) 076 560 1853**

**Comsafe: 086 014 1516**

**Hek Fase 1: 068 573 6196**

**Hek Fase 2: 081 347 4387**

**Garsfontein Polisie: 012 472 0144**

**Hannes (na-ure)* 082 924 0222**

***slegs noodgevalle asseblief!**

## Aan die sosiale komitee

Hiermee wil ek graag die nuwe gekose sosiale komitee van Protea gelukwens met hulle verkiesing. Dit is nie altyd 'n maklike taak nie maar ons het volle vertoue in julle.
Baie dankie aan die uittredende komitee wat altyd uitstekende funksies vir die inwoners aangebied het, en die opgradering van die saal dit word opreg waardeer.
Baie dankie ook aan die sosiale komitee en die Raad van Trustees vir die klankstelsel wat so mooi opgegradeer is met Jeff en Hannes se hulp.
Die Sosiale komitee laat gewis die sosiale aangeleenthede van die oord skitter met ‘n goed versorgde saal, almal werk hard en bring hulle kant.
So ook ons dankie aan Hannes, Bafana en sy span wat so baie help met elke geleentheid wat in albei die sale plaasvind, die stoele en tafels uitsit en oppak asook hulle hulp met die hang van gordyne, skilderye. Hulle is ware staatmakers.
Laastens, maar hoegenaamd nie die minste nie, hartlike dank aan al die oord se borge, soos Willow Way Spar, Wilgers Apteek en almal wat bydraes maak tot die funksies, dit word opreg waardeer.
Sterkte aan die nuwe komitee!
Elize Pretorius

*(Hierdie skrywe is verkort die volledige weergawe is beskikbaar op navraag)*









## ‘n Ware Vriend

'n Regte vriend is die soort wat wanneer jou voete elke oggend die vloer raak, die duiwel sê O gaats, hy is op!

Vriend, die lewe is te kort om met spyt wakker te word.

So wees lief vir die mense wat jou reg behandel.

Vergewe diegene wat dit nie doen nie, net omdat jy kan.

Glo alles gebeur met 'n rede.

As jy 'n tweede kans kry, gryp dit met albei hande aan.

As dit jou lewe verander, laat dit toe.

Neem 'n paar minute om te dink voordat jy optree as jy kwaad is.

Vergewe vinnig.

GOD het nooit gesê die lewe sal maklik wees nie.

HY het net belowe dit sal die moeite werd wees.

'n Vriend stap saam met jou wanneer die res van die wêreld oor jou loop.

# *Shofar*

Hier in Fase 2 - van ons Protea Aftree-oord - is ons inwoners gelukkig om elke oggend met die " aankondiging" van die nuwe werksdag so 'n bietjie herinner te word dat die ramshoring ook sy plek in die BYBELTYE gehad het. Sedert 2017 het Hannes van den Berg die behoefte gehad om sy werk plek te seën met die ramshoring en dit het 'n instelling geword. Later het André Ten Krooden besluit om saam te blaas. So waar kom die gebruik vandaan?

WANNEER ONS RAMSHORING BLAAS, VERKLAAR ONS o.a. DIE VOLGENDE:

- Die wapens van ons stryd is kragtig deur YHVH (God), om vestings neer te werp.
- Y`shua(Jesus) is die Horing van ons heil - He is the Horn of our salvation!
- Y`shua het in ons plek gesterf - He is our "Substitude"
- Die reddende en die beskermende krag in die bloed v die Lam
- Die geveg is nie ons s`n nie maar die v YHVH - YHVH Tsebaot!
- Die Woord van YHVH is skerper as`n tweesnydende swaard.
- Die oorwinning is alreeds aan die kruis behaal.
- Die stem en asem van YHVH beskik oor onbeperkte krag! (Gen. 1:3 & Ps 29)
- YHVH is "a Man of war (battle)" - YHVH is His Name! (Ex.15:3)
- Dat verwarring in die kamp van die vyand heers.
- Ons Koning kom! Wees gereed!
- Ontwaak, jy wat slaap en staan op uit die dood!
- Dis tyd vir vas, gebed, belydenis en terugkeer na YHVH.
- Daar is gevaar wat dreig! Kry die troepe gereed! Tree aan vir oorlog!
- Die oordeel van YHVH is op hande - wees gewaarsku! (Joel 2: )
- "Arise, o YHVH, let your enemies be scattered!" (Ps 68)
- Lof en aanbidding vir wat YHVH doen en vir wie Hy is. (Ps 150)
- Die teenwoordigheid en glorie van YHVH in ons midde.

**"Blow a trumpet in Zion; Sound an alarm on my holy mountain! Let all the inhabitants of the land tremble, For the day of YHVH is coming, it is close at hand."** ***(Joel 2:1)***



Hannes van den Berg en Andre Ten Kroonden met hulle ramshorings.
Foto :Elize Pretorius

### *GOOI DAAI BRIGHTS !!*
### *(n Griekwa se woorde)*

*Lat djou liggie vidag orals skyn*
*Solat di mense om djou vi djou*
*kan sien en sê .....*
*"Ney man, dim jouse lights"*
*Dan moet jou antwoord wees ....*
*"Ney man, dais net myse parkin lights*
*check myse brights"*
*En as hulle vir jou vra ....*
*"Wa koep jy silke lights" dan sê djy nee*
*man dissi te koepe ni, djy kry dit vernit*
*heelsemal vernit by onse Jirre !!"*




## May you nerver be Perfect

By Quincy

To the me that once was
The me that will be
May this letter remind you to pause and to breathe
May you silence the noise, and the voices inside
May you never be perfect, but always be kind
May only some of your whishes ever come true
Like the ones that will bless, not just benefit you
To each door with your name,  may you never be blind
may you never be perfect, but always be kind
May the words meant to bleed never cause you to fall
May your soles and your soul never wear down at all
May you sleep ever deep then rise always on time
May wherever you go the moon guide you and shine
May you look to your past with soft empathy
May you live in the present ever patiently
May you strive for your future ever so excitedly
May your heart ever find sweet serenity
May your time be so full that regret cannot find even
one ounce of worry or doubt in your mind
To your truest of selves
May you be so aligned
May you truly achieve all your dreams, all combined
There are so many blessings I wish I could give
but they echo the same That I wish you to live
and no matter what comes, do your best
you'll be fine
May you never be perfect but always be kind

## Waar kry Protea sy water?

*(Hierdie artikel is verkort die volledige weergawe is beskikbaar  op navraag)*

Protea inwoners gebruik hoofsaaklik twee waterbronne, naamlik reënval vir die tuine en gesuiwerde water vanaf Tshwane munisipaliteit vir huishoudelike gebruik en vir die tuine.

Die gemiddelde jaarlikse reënval in Die Wilgers is 661 mm. Vanaf 1 Julie 2024 tot 21 Maart 2025 is alreeds 726 mm reën in Protea gemeet.

Maar waar kry Tshwane genoeg water om aan al sy dorstige inwoners (3 989 000 in September 2024) en industrieë te lewer? Die Fonteine, Rietvlei- en Roodeplaatdam kan lankal nie meer aan al die stygende behoeftes voorsien nie! Tshwane koop addisionele water aan by Randwater se suiwerweringswerke by Suikerbosch langs die Vaalrivier naby Vereeniging. Dié water wat vanaf Randwater kom moet met elektries aangedrewe pompe oor die waterskeiding (Witwatersrand) na die reservoirs in Tshwane gepomp word, en ons weet wat die uitdagings met kragvoorsiening deur Eskom is, nie om die jaarlikse prysverhogings te vergeet nie. Hierdie hoër koste sal sekerlik aan die verbruikers deurgegee word.

Dit is nie waar die voorsieningsketting eindig nie! Randwater het 'n watergebruikslisensie om kragtens die Nasionale Waterwet (NWW), Wet 36 van 1998 jaarliks 1 347,16 miljoen kubieke meter uit Vaaldam te kan onttrek. Goedgunstiglik is dit vermeerder na 1 600 miljoen kubieke meter per jaar. Randwater het alreeds versoek om dit na 1 800 miljoen kubieke meter per jaar te verhoog maar dit is nie toegestaan nie omdat dit die huidige versekerde lewering van die geïntegreerde Vaalrivierstelsel (IVRS) oorskry. Randwater lewer tans water aan 14,2 miljoen mense in sy leweringsgebied in Gauteng.

Gedurende September 2024 het die Departement van Water en Sanitasie besluit dat Randwater, en sy gebruikers op 'n voortgesette grondslag gemonitor sal word om aan die lisensie voorwaardes te voldoen Tshwane het toe ingestem om sy gebruik tot 666 Ml/dag te beperk, maar kon tot datum nog nie daarin slaag om hierdie teiken te bereik nie. Dit is onder andere toe te skryf aan die 31 073 waterlekkasies wat tussen 1 Julie 2024 en 14 Maart 2025 gerapporteer is. Anders as Johannesburg met sy 58 904 gerapporteerde lekkasies in dieselfde periode, kon Tshwane daarin slaag om meer as 95% van waterlekkasies binne 'n redelike tyd te herstel. Die infrastruktuur is verby sy ekonomiese leeftyd en verg vervanging. Die finansiële implikasies hiervan is 'n rede tot kommer vir elkeen en gaan uiteindelik 'n wesentlike invloed op die toekomstige administratiewe heffings in Protea hê.

Waar gaan Protea in die toekoms genoeg water kry? Ons gaan moet aanleer om 'n ander ingesteldheid teenoor waterbesparing te hê, daarby gaan heelwat hoër tariewe ons dwing om minder water te verbruik. Oor so 30 tot 50 jaar sal nog oordragskemas van die Tugelarivier, teen hoë koste, aangebou word.

Laat elke druppel tel!

Groete, Waterfiskaal.

**Redaksie**

Samesteller: Cecile Vermeulen

Medewerkers:

Karen Mouton/ Carla Müller

Proeflesers Afrikaans: Erika Fouché, Joey Benadie

Proeflesers Engels: Brenda Blignaut, Frances de Souza.

# Verjaardae / Birthdays

## April

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 135 | Irma | Janse v Ryssen | 082-923-4007 |
| 5 | 65 | Elsie | Human | 084-358-0835 |
| 6 | 4 | Kobus | Steyn | 076-335-1231 |
| 6 | 157 | Joey | Benadie | 082-974-1715 |
| 6 | 159 | Elsie | Verheem | 072-246-0769 |
| 7 | 123 | Pat | Gross | 083-235-4218 |
| 9 | 37 | Joy | Kirstein | 072-348-8508 |
| 9 | 131 | Albert | Grobbelaar | 082-880-5884 |
| 12 | 63 | Rita | Van Niekerk | 082-832-6316 |
| 15 | 9 | Fanie | de Kock | 083-233-5937 |
| 15 | 160 | Pottie | Potgieter | 083-332-6608 |
| 18 | 94 | Marie | van Wyk | 072-599-4314 |
| 18 | 134 | Renny | Stoltz | 082-653-4356 |
| 22 | 117 | Surie | Dobie | 082-901-4000 |
| 23 | 134 | Alec | Stoltz | 082-898-1239 |
| 23 | 136 | Elsabe | Louwrens | 083-762-2992 |
| 26 | 91 | Ros | White | 082-344-7225 |
| 29 | 62 | Erhard | Rothmann | |

## Junie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 12 | Tilly | King | 082-673-7352 |
| 1 | 61 | Vernon | Scrooby | 079-248-8848 |
| 2 | 33 | Dewald | Slabbert | 084-661-6263 |
| 4 | 156 | Johann | Smit | 082-491-2157 |
| 8 | 64 | Tienie | Cronje | 084-726-2008 |
| 9 | 104 | Elsie | Swart | 083-956-8834 |
| 11 | 3 | Henk | Van Dommelen | 082-564-4341 |
| 11 | 127 | Nora | Harris | 082-682-2707 |
| 12 | 15 | Muriel | Sedgman | 083-258-2211 |
| 17 | 57 | Annette | Le Roux | 082-579-6645 |
| 17 | 84 | Ria | Parrott | 082-728-9777 |
| 18 | 103 | Francis | Allison | 072-397-8327 |
| 19 | 13 | Susan | van Dyk | 0762649809 |
| 22 | 93 | Tos | van der Merwe | 083-585-0443 |
| 23 | 97 | Truia | Culbert | 076-691 9704 |
| 23 | 116 | Lettie | Morris | 071-994-4814 |
| 26 | 77 | Jos | Kamminga | 073-142-1229 |
| 26 | 128 | Sylvia | Oosthuizen | 083-409-8634 |
| 27 | 48 | Jane | Guilford | 072-435-8425 |
| 30 | 6 | Emelia | Swanepoel | 082-773-9430 |



## Mei

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 54 | Martin | Fouche | 083-417-8571 |
| 9 | 44 | Elsa | Bredenhann | 082-573-2739 |
| 9 | 147 | Paul | Human | 072-171-3333 |
| 11 | 150 | Rosa | Jacobs | 082-411-9201 |
| 12 | 87 | Laura | Marais | 082-448-4240 |
| 12 | 124 | Erik | Buiten | 083-325-8159 |
| 13 | 9 | Marie | Hermann | 072-646-9884 |
| 13 | 101 | Anne-Marie | Gerretsen | 082-847-3139 |
| 15 | 47 | Riekkie | Vogt | 072-447-0338 |
| 17 | 104 | Gert | Swart | 072-210-0400 |
| 17 | 141 | Marthie | Slabber | 072-697-4207 |
| 19 | 56 | Petro | Kruger | 082-591-7524 |
| 20 | 115 | Rykie | Smith | 079-986-1693 |
| 21 | 39 | Cielie | Luckhoff | 076-782-6522 |
| 21 | 62 | Hannes | Rothmann | 082-585-1400 |
| 22 | 43 | Nellie | Havenaar | 083-300-9027 |
| 23 | 80 | Jaap | Kroon | 083-627-5911 |
| 25 | 119 | Inkie | Liebenberg | 083-450-9343 |
| 26 | 18 | Joey | Visser | |
| 27 | 59 | Jorrie | Jordaan | 083-441-8380 |
| 27 | 74 | Anna-Marie | Steyn | 062-049-0202 |
| 27 | 118 | Fanny | Maree | 076-848-8436 |
| 28 | 153 | Russel | Davis | 082-442-8185 |
| 30 | 21 | Rina | Streuderst | 083-307-9878 |

**Neem asseblief kennis / Please note:**

**Verandering van e-pos / change of email adress**

Alle bydraes moet gestuur word na:

All contributions must be sent to:

nuusbrief@proteawilgers.co.za

WhatsApp messages can be sent to 071 370 3283
This newsletter is also available in pdf format.
Hierdie nuusbrief is ook besikbaar in pdf formaat.

# Wilgers Apteek

ARRIE NEL

Familie Waardes

APTEEKGROEP

Waarde vir die hele Familie!

*Waar jou Familie deel van ons Familie word*



## Jou Persoonlike Apteek

Gratis Aflewering

## Borg graag hierdie Uitsonderlike Nuusbrief vir Protea Aftree Oord

**Maak Ons Vriendelike Apteek**
**Jou Apteek**

Skakel ons by : 012 807 5182/3/4

Epos : wilgers@arrienel.co.za

Watsup Bestellings : 072 874 0744

Maandae—Vrydae : 8:30-19:00

Saterdae : 8:30-15:00

Sondae : 9:30-12:30

